

BOEKBESPREKING.

Dr. H. Kraemer, *Godsdiensten en Culturen — de komende dialoog —*, Bockencentrum N.V.'s Gravenhage 1963.

Die „Stone Lectures” wat Kraemer in 1958 in Princeton gehou het, is later deur hom verwerk wat die boek „World Cultures and World Religions — the coming dialogue —” ten gevolg gehad het, en wat in 1960 die lig gesien het. „Godsdiensten en Culturen” is die Nederlandse vertaling van die Engelse uitgawe, wat op bekwame wyse deur mej. E. W. Schotel gedoen is. Deur die vertaling het hierdie voortrefflike werk van Kraemer toegang gekry tot ’n groter leserspubliek wat die boek beslis verdien.

Kraemer is by die meeste teoloë en ook baie nie-teoloë in ons land geen onbekende nie. Hy is ’n vrugbare en baie onderhoudende skrywer wat telkens verras met publikasies wat uitmunt deur die aktualiteit van die temas wat behandel word. Ons dink hier aan resente werke soos *Godsdienst, Godsdiensten en het Christelyk Geloof*; „A Theology of the Laity”; „The Communication of the Christian Faith”. „Godsdiensten en Culturen” herinner weer aan die kwaliteit van „The Christian Message in a non-Christian World” asook aan die stof wat in hierdie bekende werk behandel word.

Soos die ondertitel van hierdie werk aandui, gaan dit om die toekomstige dialoog tussen Oos en Wes, en Kraemer wil voorbereidende werk doen om daardie dialoog vrugbaar en sinvol te maak. Hy wil nie voorspel dat so ’n gesprek sal plaasvind nie, hoewel hy dit hoop en wens. Hy sien tekens en aanduidings wat hom met reg op so ’n gesprek kan laat hoop, en daarom verstrek hy insig en kennis oor godsdiens en kultuur van Oos en Wes wat diensbaar kan wees vir so ’n eventuele gesprek. Sy deeglike kennis van die nie-christelike wêreld van godsdiens en kultuur blyk weereens uit hierdie boek, en die interessante en boeiende wyse waarop hy dit meedeel laat ’n mens die boek byna met spanning lees.

Kraemer is nie die enigste skrywer oor hierdie onderwerp nie, maar die belang van sy boek lê juis daarin dat hy nie soos die ander vanuit een of ander humanistiese agtergrond skrywe nie, maar die probleme vanuit christelike standpunt wil benader. En waar ons wêreld vandag in die greep van die humanisme lê is dit goed om kennis te neem van die waarskuwende mededeling van ’n man wat Oos en Wes so goed ken, dat die naturalisties-antroposentries-moralistiese denke van die Ooste ’n oorwegende plek inneem in die denke van leidende en invloedryke skrywers van die weste, soos Toynbee, Huxley e.a.

F. J. VAN ZYL

Onderweg. Dagboek voor Nederlanders Buitenlands. Uitgave voor de
Commissie „Kerk Overzee” van de Nedelandse Zendingraad.
Boekencentrum N.V., Den Haag 1964. 424 blz. Prys ongeveer
R1.

Hierdie bundel oordenkings, een vir elke dag van die jaar, met nog enkele vir besondere geleenthede is op 'n besonder smaakvolle wyse uitgegee ten behoeve van Nederlanders in Asië, Afrika en Latyns-Amerika. Die skrywers van die dagstukkies behoort, volgens die Voorwoord, tot diverse Nederlandse Protestantse kerke.

Elke oordenking word 'n uitleg van 'n besondere teks, met 'n aanwysing van Skriflesing daarby terwyl 'n kort gebed en 'n Psalm of Gesangvers wat gesing kan word ook gegee word. Die oordenkings wat oor die algemeen weinig **uitleg** bevat en feitlik net **toespasing** is, word in 'n kernagtige, maklike en op die man af gaande styl geskrywe. Verskillende temata word behandel soos Blydskap, Die Goeie Herder, Leer en Lewe, Lyding en derglike meer.

Miskien tiperend van hierdie tyd en van die Nederlandse kerklike wêreld word 'n viertal dagstukkies gewy aan **Interchurch Aid**. Merkwaardig tog hoë teësinnig die Nederlandse kerklike wêreld ook geword het om vir vreemde begrippe duidelike en kernagtige vertalings te vind! In dié paar dagstukkies word by die behandeling van Lk. 10:36 sondermeer aanvaar en gestel dat die naaste wat God aan die enkeling-mens skenk in 'n ander wêrelddeel kan woon. Dit lyk my 'n onverantwoordelike afleiding. Waar staan dit in hierdie teks?

Ten opsigte van Joh. 13:5 word die gevaarlike stelling gemaak dat as die teken van die Kruis dreig om ydel te word, dan kan die waskom en die handdoek die geheim van die Evangelie uitdra. Dit wil my voorkom dat as die teken van die druis ydel geword het, sal geen enkele ander teken die betekenis van die Kruis onder die mens kan red nie. Hier word egter 'n merkwaardige sentimentaliteit ten opsigte van die ontwikkelingslande, soos dié getipeer word, ten toon gesprei. Hier word as 'n baie belangrike teken dit genoem dat jongmense uit Europa skynbaar in Asië, Afrika ens. bereid is om dinge te doen ten behoeve van die daar wonende bevolking wat daardie mense nie vir hulleself wil doen nie. Dit sou dan 'n belangrike wyse wees waarop die Evangelie in daardie lande uitgedra word. In Afrika het dit al meerdere male geblyk dat dit 'n sentimentele illusie is en ek weet ook van geen enkele geval waar 'n medemens regtig **gehelp** is deur geestelik en andersinds van hom 'n **afhanklike** te maak nie. So baie van die welwillende hulp, die sentimentele hulp wat deur Europa op Afrika afgelaai word, raak nié die werklike **nood** van hierdie lande nie omdat die hulp nooit verder as die humanistiek kom nie, omdat die enigste hulp, die Evangelie, nooit werklik alléén uitgedra word nie.

Ook oor die tema **ras** word 'n sestal dagstukkies ten beste gegee. Merkwaaardig hiër is dat in die saamgaande gebede dinge gestel word wat nóg deur die oordenking, nóg deur die teks gesuggereer word. 'n Ander saak waarmee die Nederlandse kerklike wêreld in hierdie aangeleentheid sterk opgeskeep is, is **die gevoel van skuld** wat daar ten opsigte van die ander ras moet bestaan. Dit is ook een van die irriterende aangeleenthede wat steeds aksiomaties gestel word sonder dat dit nog ooit werklik gemotiveer is vanuit die teologie.

Amusant is die dagstukkies na aanleiding van Hand. 2 : 46a waar sondermeer gestel word dat in Jerusalem die rassegrense deurbreek is en dat daar „Afrikanen en Aziaten en Europeanen” 'n gemeenskap gevorm het. Dit terwyl dit duidelik is, vgl. Hand 2:14, dat die Jerusalemse gemeente uit Jode wat tot die geloof bekeer is, bestaan het !! In hierdie dae moet mens skynbaar nie té noulettend wees nie.

Afgesien van hierdie enkele opmerkings is dit egter duidelik dat hierdie oordenkings bruikbaar sal wees vir Nederlanders buite hulle eie land en wat graag deur die spesifiek-Nederlandse kerklike spreke in hulle Skriflesing gelei wil word.

A. D. PONT

* * * *

Ds. R. Kaptein, **De Inzegening van het Tweede Huwelijk**, Boekencentrum, Scheveningen 1962.

Hierdie werkie verskyn as no. 20 in die serie Praktische Theologische Handboekjes, wat reeds goed by ons bekend is.

Hier in S.A. het ons in die afgelope tyd kennis gemaak met die feit dat sommige predikante 'n botweg weier om 'n geskeide persoon se huwelik kerklik in te seën. Hierdie boekie is 'n poging om die vrae i.v.m. eg-skeiding en die hertrou van geskeide persone te bespreek met die oog op die roeping en taak van die kerk t.o.v. sulke mense. Baie kere word geskeide persone se huwelik kerklik ingeseën en net so dikwels geweier sonder dat 'n grondige pastorale gesprek met sulke mense gevoer is. Heel dikwels is die Woordlose inseëning sowel as die botte weiering niks anders as 'n ontwyking van die taak waarvoor kerkraad en predikant in sulke gevalle staan nie.

Hierdie boekie bied 'n groot hulp vir predikante, kerkradslede en ook persone wat eg-skeiding oorweeg of reeds geskei is en 'n tweede huwelik beplan.

Die lees hiervan word baie sterk aanbeveel.

J. I. DE WET

Studia Liturgica, An International Ecumenical Quarterly for Liturgical Research and Renewal, Vol I, March 1962, No. I.

Hierdie kwartaalblad waarvan die Nederlander ds. W. Vos die Redakteur is, is eintlik die resultaat van besprekings en besluite van 'n permanente kommissie van die Wêreldraad van Kerke. Die doel van hierdie kwartaalblad word duidelik weergegee deur die Redakteur : „In this way we hope to contribute something to an Ecumenical Theology of Liturgy and thus help to prepare the way for a Theology of the One Church”.

Dit is by voorbaat duidelik dat daar oor verlerlei interpretasie en verskil van opinie sal wees. Tog is dit ook duidelik dat uit so'n publikasie veel geleer kan word. Ook hier in ons Kerk geniet die liturgie 'n hernude belangstelling. Daarom sal kennisname van die resultate wat ander bereik het d.m.v. hierdie blad bekom kan word. Dit sal goed wees om daarop in te teken.

N.B.—Intekening kan egter nie d.m.v. die gewone boekhandel geskied nie. Dit moet direk gedoen word by Studia Liturgia, Posbus 2, Nieuwendam, Holland.

J. I. DE WET

* * * *

K. H. Miskotte, **De Weg van het Gebed**, Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1962.

By die lang lys van geskifte oor die gebed, is daar nog een van die hand van 'n skrywer wat in S.A. bekend en gewaardeerd is.

Miskotte sê die dinge op 'n nuwe en verkwikkende wyse wat spreek van kinderlike geloof. Dit is 'n nugter geskrif waarin die gebed op 'n bybels-verantwoorde manier sonder enige sprake van verabsolutering van die gebed, behandel word. Daarom bly die hele bespreking van die gebed gevrywaar daarvan om die gebed te gaan sien as 'n dwangmiddel in die hand van mense om van God af te dwing wat die mens wil hê. Gebed bly die voorreg van die gelowige wat in Sy nood mag vra en in die uitkoms onthou om te dank.

Die boek is nie net vir predikante nie maar vir gelowiges geskrywe. Kennis van die inhoud daarvan is sonder twyfel 'n geestelike bate.

J. I. DE WET

* * * *

Prof. dr. Th. L. Haitjema, **De Heidelbergse Catechismus, als klankbodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerk**; H. Veenman en Zonen, Wageningen, 1962.

Prof. Haitjema se geskifte het eintlik geen bekendstelling in S.A. nodig nie. Afgesien van die aantal persone wat onder hom studeer het

in Nederland of tydens studie aldaar met hom as teoloog nader kennis gemaak het, is daar byna geen predikant wat nog nie tenminste sy Dogmatiek gelees het nie.

Hierdie nuwer werk van hom oor die Heidelbergse Kategismus dra ook die stempel van die reformatie. Die boek wil niks anders wees as 'n uitleg van die reformatoriese belydenisskrif in die sin waarin die reformatoriese vaders dit bedoel het nie (v.g.l. die bespreking van die agste gebod op bls 274 - 275).

Vir elke student in die teologie, vir elke kategeet en vir elkeen wat die kategismus moet uitlê en moet verstaan, is kennisname van die inhoud van die boek noodsaaklik.

Ook as naslaanwerk sal die boek maklik benut kan word, omdat die boek voorsien is van 'n volledige register van skrifuurverwysings en sakeregister.

Die boek word sterk aanbeveel.

J. I. DE WET